



Stigtingsjaar 1909

Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. 086 133 3786
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydlike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

24 Junie 2016

PERSVRYSTELLING (Vir onmiddellike vrystelling)

'n Swart dag in die geskiedenis van Afrikaans

Die Afrikaanse gemeenskap, wit, bruin en swart, moet nou meer as ooit intree en 'n vaste plek vir Afrikaans in die hoër onderwys verseker deur self met woord en daad inisiatief te neem en as dit dan nodig is private Afrikaanse instellings te skep. So sê dr. Dionē Prinsloo, hoof van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, in reaksie op die onlangse besluitnemingsprosesse by drie Suid-Afrikaanse universiteite wat Afrikaans nadelig raak. Dokumentasie waarin die universiteite se taalbeleide, wat meesal van 2017 af geld, uiteengesit word, bevat vae beloftes vir Afrikaans, maar geen waarborg dat Afrikaans se plek op die kampusse verseker is nie. Dis intendeel 'n pad na uitfasering van een van Suid-Afrika se belangrikste tale in die hoër onderwys, het dr. Prinsloo gesê.

Die SA Akademie wat hom al meer as 'n eeu beywer vir die belange van Afrikaans op alle vlakke van die samelewing betreur die implikasie van die besluite van UNISA, Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Pretoria. 'n Senior professor aan UNISA en lid van die SA Akademie beskou die taalbesluite as tekenend vir 'n swart dag in die geskiedenis van Afrikaans en in die geskiedenis van die betrokke universiteite met 'n tradisie van uitnemende onderrig en navorsing in Afrikaans wat oor dekades strek.

Die SA Akademie het begrip vir die demografiese verandering en gepaardgaande taaleise by universiteite – dit geld veral vir UNISA. Die rigting wat met die gestelde taalbeleide by die twee residensiële universiteite ingeslaan word, kom egter neer op 'n akademiese verarming waarby 'n groot komponent dosente en studente uiteindelik gedwing word om onderskeidelik in 'n nie-moedertaal te doseer en te studeer. Die vraag word gestel in hoeverre politieke druk en aktiwistiese minderheidsgroepe 'n rol gespeel het in die besluitnemingsprosesse. Eise van Open Stellenbosch en die EFF dat Afrikaans prysgegee moet word voordat daar stabiliteit en rus op kampusse gaan terugkeer of voor die volgende eis gestel word, is onrusbarend en is allermins bevorderlik vir broodnodige akademiese bestendigheid in nasionale belang, het dr. Prinsloo gesê.

Dr. Dionē Prinsloo: Hoof Uitvoerende Beampte

Tel 086-133-3786 / Sel 082 464 6953

E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za